STELLA TALENT

# LOCHNER DE KOCK

## FILM/TV/TEATER/STEMWERK



## BIOGRAFIE

Lochner is op 23 Julie 1950 gebore. Lochner de Kock is 'n **akteur, musikant, dramaturg, skrywer, regisseur, stemkunstenaar en sjef**. De Kock vier op 23 Julie vanjaar sy sewentigste verjaardag. Buiten dat hy een van die gewilde **radiostemme in RSG** se dramas en vervolgverhale is, skryf hy ook **rubrieke, kinderverhale en sketse**. Hy en die akteur-musikant Richard van der Westhuizen tree ook sedert 1987 as onder andere die duet Vuurklip en Klip saam op.

Lochner de Kock het sy **BA** by Tukkies en sy **Honneurs in Drama en Regié (cum laude)** aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Sedert hy in 1981 die vryskutwêreld betree, maak sy unieke, ontspanne aanslag, sy uitsonderlike talent en briljante laterale denke wye draaie deur die kunstewêreld. Hy het in **meer as 180 toneelstukke opgetree** en van die menigte **TV-reekse** waarin hy verskyn het, is **Vyfster, Isidingo, Dryfsand, Getroud met Rugby** en **7de laan** maar enkele voorbeelde. Lochner het ook 'n verskeidenheid filmrolle vertolk en daarby drie kookboeke, twee kinderboeke en 'n aantal ander literêre werke die lig laat sien. Gedurende 2015 het **Liegendes**, 'n bundel van 21 kortverhale uit sy pen die lig gesien. Hy is verder befaamd vir sy Suid-Afrikaanse kookkuns, gerugsteun deur wêreldwye invloede: hy reis as Cordon Boer landswyd en sy Kyk in die pot was kykNET se eerste kookreeks wat hy plaaslik, in Australië, Nieu Zeeland en Amerika opgeneem het. Hy maak op die oomblik oudergewoonte opslae as Vis Venter in die kykNET sepie **Huis Lelieveld**.

Sover dit sy musiekloopbaan betref, tree Lochner reeds sedert 1987 saam met Richard van der Westhuizen op. Hy en Richard was deel van die **Sleutelgat Revue** en hulle het saam drie CD's uitgegee. Op hierdie CD's het talle liedjies verskyn waarvan Lochner die lirieke geskryf het, terwyl hy en Richard van die liedjies ook saam geskryf het. Sy eerste **solo-cd** het in 2013 op die **JNS Musiek-katalogus** verskyn.

Lochner doen reeds vir **meer as 30 jaar oorklankingswerk en stemwerk vir radio en TV**. Hy was onder andere die stemme van die befaamde **Sarel Seemonster** en **Karel Kraai** in Wielie Walie en is ook bekend as **TV-aanbieder**. Hy lees tans vir **RSG 'n reeks van Jan Spies** se stories voor: Die Antie met die Pienk Rok en ander verhale en soos deur die jare bly hy een van die voorste stemme in radiodramas en vervolgverhale. 'n Gereelde deel van vanjaar se werksdag is die Afrikaanse oorklanking vir 'n Turkse televisiereeks: hy bly steeds deurentyd betrokke by al die verskillende vertakkinge van sy veelsydige loopbaan: Kookkuns, verhoogoptredes, skryf- en stemwerk.